

**Vrydag 7 Januarie (ds. JH Grobler)**

**Skrifgedeelte: Psalm 14**

**Fokusgedeelte: Psalm 14:1**

**Ons vaste hoop: Waar die HERE regeer, sal skurke nie vir altyd die oorhand hê nie**

In Psalm 14 praat die digter van *my volk* (vs 4). Dit is dus eerstens 'n psalm waarin koning Dawid die geestelike en morele verval van sy eie volk betreur, God se volk! Die korruptheid en verval is so erg dat die getal van die regverdiges weglaatbaar geword het. Die digter skets 'n situasie wat soortgelyk is aan die tyd voor die sondvloed (Gen. 6) waar daar nog net agt mense was wat genade in die oë van die HERE gevind het. Die regverdiges word deur die dwaas *opgeëet* (vs 4), dit wil sê vermoor. Die regverdiges is hulpeloos (vs 6). Die lewe van God se volk word oorheers deur 'n tipe mens wat hier die *dwaas* genoem word. Hulle is skurke, skobbejakke, "scoundrels" in Engels.

Hierdie skurke leef asof God hulle nooit tot halt sal roep nie. Hulle siening van God is dat Hy Homself nie inmeng by die dinge op aarde nie en dat Hy nie 'n persoonlike God is nie. Psalm 14 bewys die absolute teendeel (vs 2, 5, 6). Die versteurde geloof van die skurk bring noodwendig 'n afskuwelike lewe voort. Sulke mense vernietig alles. Hulle versteurde Godsbeeld lei tot chaos in die midde van God se volk en in die wêreld, want hulle dink God sien nie. Niks gebeur egter sonder God nie: die bestaan van die skurk is soos 'n straf van God wat alles vernietig op die aarde; soos in Noag se tyd, en soos by Sodom en Gomorra. As dit nie was daarvoor dat God aan die kant van die regverdiges staan en die HERE hulle toevlug is nie, dan was alles tot niet.

Psalm 14 sê omdat die ware God alleen leef, sal dit nie vir altyd so voortduur dat skurke die oorhand het nie. Skurke sal tot hulle groot angas agterkom dat God *al die tyd* betrokke is op die aarde. Hy is 'n persoonlike God. Hy behou elkeen wat in die evangelie van sy Seun Jesus glo. In Jesus Christus en ter wille van Jesus Christus is God 'n toevlug vir die hulpelose (vs 6). Maar sonder geloof in Christus, wat in ons plek soos 'n skurk behandel is (Rom. 5:6), sal elke ongelowige die lot van die skurke deel (vs 5; Rom. 1:18 ev).

*Sing: Psalm 35-1:1, 4*

*Ds. JH Grobler (Hans) (Reddersburg en Bloemfontein-Suidheuwels)*